VOLLE NAAM: Laurika Postma.

GEBOORTEDATUM: 17 April 1903.

HUWELIKSTAAT: Ongetroud.

BIOGRAFIESE SKETS: Laurika Postma is in Bethulie, O.V.S. gebore. Sy is die vierde oudste kind van ds. Willem Postma - as skrywer bekend as „dr. O'Kulis", jongste seun van die Nederlander ds. D. Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

In 1909 verhuis die gesin na Bloemfontein en in 1912 na Steynsburg, waar haar vader 'n oom van haar aflos. As Laurika 14 jaar oud is, woon hulle in Reddersburg. Toe haar vader in Oktober 1918 sterf, moes daar na die tien jong kinders omgesien word en tesame met Sophie, die oudste, wat onderwyseres geword het, en Calmon, het Laurika as tikster by die administratiewe afdeling van die Universiteit van die Oranje Vrystaat te Bloemfontein gaan werk.

In 1935 gaan die goue poort vir haar oop. Sy neem vir 'n jaar onbetaalde verlof en gaan na Duitsland waar sy haar opleiding in Berlyn begin onder Milly Steger, leerlinge van die bekende Kolbe. Tot haar verbasing ontdek sy dat haar aanleg nie soseer in die skilderkuns lê nie, maar wel in die beeldhoukuns. Van Berlyn is sy na München na Ernst Balz. Maar weldra was tyd en geld op en moes sy terugkeer na haar vaderland.

In 1939 is Laurika vir 'n tweede keer na Europa. Met 'n jubelende hart kom sy in die Beierse hoofstad aan. Hier studeer sy onder prof. Bleeker aan die Akademie. Die Tweede Wêreldoorlog breek uit. Die Suid-Afrikaners word gevra om die land te verlaat en sy gaan na Holland waar sy in Den Haag van prof. Ingen Housz meer omtrent die steen-tegniek leer. Daarna is sy na Brussels. Hier studeer sy

onder prof. Oscar Jespers.

Met baie idees en 'n hart vol moed keer Laurika Postma na Suid-Afrika terug. Sy begin 'n ateljee in Bloemfontein en kry baie opdragte. In 1942 kom Gerhard Moerdijk haar sien omtrent die panele vir die Voortrekkermonument, waaraan sy dan saam met Frikkie Krüger, Peter Kirchoff en Hennie Potgieter vyf jaar lank aan werk. Elkeen kry die opdrag om agt panele uit te voer. Laurika Beeld toe taferele uit soos „Vermoording van Dingaan", „Dirkie Uys," „Debora Retief", „Aankoms van Pretorius", „Gelofte van Celliers", „Die moedelose mans" en „Bloukrans." Met die voltooiïng van die reliëfs gaan sy in 1947 saam met Hennie Potgieter na Florence om toesig te hou oor die marmerkappery van die stukke.

Na omtrent 'n jaar keer hulle terug na Suid-Afrika. Laurika gaan by haar suster, wat toe prinsipale op Standerton is, inwoon en rig 'n buitekamer as ateljee in. In 1950 is sy na Wolmaranstad en in 1956 kom vestig sy haar in Pretoria.

<u>UITSTALLINGS</u>: <u>1e Uitstalling</u>: 5 Desember 1949 - 17 Desember 1949 in Schweikertkunslokaal, geopen deur Dr. H. M. van der Westhuizen.

<u>2e Uitstalling</u>: (saam met nog ander Beeldhouers en skilders) op 19 Augustus 1957 - 31 Augustus 1957 in die Maria van Riebeeckklubkunslokaal.

<u>TIPE WERK</u>: Hoofsaaklik beeldhouwerk, maar skilder ook op die oomblik, egter baie min.

<u>GROOT OPDRAGTE</u>: In Voortrekkermonument: Panele (Histories).

Voor Oranje Meisiesskool, Bloemfontein: Boerenooientjie.

Kindermonument, Bloemfontein: Panele (Histories, kinderhelde, ens.)

Pretoriuspark, Krugersdorp: Krugerstandbeeld.

Kinderbegraafplaas, Standerton: Monument (reliëf, in kamptent)

Hoër Teg. Skool Drosdy, Worcester: Borsbeeld van Dr. Stals.

PUBLIKASIES VAN WERK:

1. "Nederlandsche Post": 5 Desember 1947.
   Paneel binne-in Voortrekkermomument: "Die Moord op die Zoeloe-koning Dingaan deur die Swazis".

2. "Die Kindermomument - Bloemfontein." Spesiale blad.
   Panele vir Kindermonument:
   Boekevat.
   Penkoppe.
   Japie Greyling.
   Helena Lotrie.
   Rachel de Beer.
   Petrus Bezuidenhout.
   Katkisasie, Trichardttrek.
   Eerste Doop.

3. "Niews uit Zuid Afrika"
   Hagar in die Woestyn.
   Puithoop.
   Kop van 'n Zoeloemeisie.
   Icarus.

4. "(Kultuurmense in S.A.) (Self) (foto).

5. Tydskrif? 16 Februarie 1945.
   Die wind het my 'n lied vertel.

6. "Die Vaderland." Datum?
   'n foto.

7. "Die Vaderland." 14 Maart 1947.
   Totius.

8. "Die Volksblad" Junie 1941.
   Boerenooientjie.

9. "Die Vaderland" ? 1942.
   Voortrekkernooientjie.

10. "Volksblad" 10 Janıarie 1940.

11. "Volksblad" 27 Julie 1939.

12. "Die Taalgenoot" Januarie 1948.
    Voortrekkerdogter.
    Irma.
    Die Wind het my 'n lied vertel.
    Josias Hoffman.
    Zoeloemeidjie.

13. "Dagbreek"

14. "Eastern Transvaal Advertiser" 29 Oktober 1949.
    Zoeloemeidjie.
    Pres. Steyn.

15. "Brandwag" 18 November 1949.
    Hagar.
    Twaalf Jaar.

16. "Dagbreek en Sondagnuus"
    Dirkie Uys, in heldesaal van Voortrekkermonument.

17. "Transvaler" 27 Oktober 19?
Historiese friese in Voortrekkermonument.

18. "Transvaler" 18 November 1949.
Puinhoop.
Voortrekkermonument paneel.

19. "SAUK Bulletin."

20. "Eastern Transvaal Advertiser"
Voortrekkermonument paneel - Dingaan.

21. "Brandwag" 2 Desember 1949.
Voortrekkermonumentpaneel.

22. "Huisgenoot"

23. "Die Vaderland" 23 Augustus 1957.
Ritmiese Standbeeldjie.

24. "Panorama"
Kinderpanele.

25. "Eikestadnuus" 30 Januarie 1953.

26. "Pretoria News" 23 November 1967.

27. "New Era." 29 Maart 1945.

28. "Rand Daily Mail" 11 Oktober 1962.

29. "Transvaler" 8 Oktober 1965.

30. "Transvaler" 1 Oktober 1959.
Kindermonument.

31. "Die Kerkblad" 22 Januarie 1969.

32. "Huisgenoot." 2 Oktober 1959.
Kindermonumentpanele.

33. "Pretoria News." 17 Desember 1949.

34. "Vaderland" 9 Desember 1949.

35. "Sarie Marais." 14 Februarie 1951.

36. "Burger" 14 September 1953.

37. "Vaderland" 21 Augustus 1957.

38. "Vaderland" 18 November 1949.
Puinhoop.
Voortrekkermonumentpanele.

OPGENEEM DEUR:
Mej. C. van Jaarsveldt B.A. (B.K.) III
Mej. M. Roos B.A. (B.K.)III

DATUM: September 1971.

HANDTEKENING VAN KUNSTENARES: L. Postma.